

# LENTE
# NUUSBRIEF

# VOORWOORD

**Een van die mooiste aspekte van lente is dat nuwe lewe lank voordat ons dit kan sien, reeds begin.**

Diep onder die grond, in die donker, roer wortels reeds — lank voor enige groen puntjie ooit deur die oppervlak breek.

**Miskien werk God net so in ons: stil, onder die oppervlak, lank voor ons enigiets kan voel.**



# VOOR *WOORD*

Dit gebeur nie as ’n reaksie op ‘n bevel nie. ‘n Blom open nie omdat iemand vir hom sê: “Blom nou!” nie — daar is eers ‘n **geduldige seisoen** van wortelskiet, groei, knopvorming. Die boom forseer nie sy eie blom oop nie. Die son hoef nie meer intens te skyn nie. Die natuur haas homself nooit; dit vertrou net die lig wat stadig toeneem.

En wanneer die blom uiteindelik oopgaan, kom die bye — **‘n herinnering dat ons eie groei selde net vir onsself is.**

# VOOR WOORD

**Die ritme is eenvoudig: stilte, ontwaking, groei, blom, vrug.** In stilte word ek wakker vir wat God reeds in my doen. Ek hoef my nie te haas nie. Die Een wat die lig laat toeneem, dra ook my eie, stadige ontwaking.

Dit voel asof ons gemeenskap waarlik aan die begin van ‘n lente-seisoen staan — en ek sê dit met opset, want lente is nooit ‘n oomblik van skielike aankoms nie, dit is ‘n stadige, dikwels onsigbare proses. Die afgelope paar maande was vir ons presies so ‘n tyd van ontwaking, en oral, byna sonder dat ons dit kon voorspel, is daar nuwe bloeisels wat begin bot.




# VOOR *WOORD*

**Ons is opreg dankbaar dat ons ons drome op Heilsaam mag uitleef — ‘n plek met ‘n eie, verskuilde gawe, waar die berge en die wynland ons omhels op ‘n manier wat nie op ons eie meriete of prestasie berus nie, maar eenvoudig daar is, gereed om ontvang te word.**

Ons is ook dankbaar vir die afgelope **dekade se reis deur skoolsale, besigheidspersele, wynplase, en soveel ander plekke** waar ons ons dienste kon aanbied: die Enneagram, die Bergskool, opleiding, Womanhood, en talle ander aksies, elkeen met sy eie, spesifieke behoefte aan ‘n gepaste ruimte. Ons was letterlik op pad, voortdurend aan die beweeg, nooit vasgevang in een plek of een manier van doen nie.




Welkom by
INVIA











**Ons was inderdaad pelgrims op pad, en dikwels het die twyfel saggies by my geklop oor die volhoubaarheid daarvan.**

Ons droom immers nie net oor ‘n enkele Sondagdiens nie, maar **’n hele verskeidenheid van byeenkomste wat doelgerig fokus op die verdieping en vorming van mense se geestelike lewe.**

Dankie vir julle liefde, en ook vir julle wat saam met ons droom — dat ons die vrug, wanneer dit eendag in sy volle rypheid kom, ook saam, in sy volheid en oorvloed mag beleef!

Liefde Theo



# VROUE *Retreat*

My horlosie het vir een naweek bietjie stadiger getik. Met tye amper gaan stilstaan. My dae het gereeld te min ure, en hierdie naweek kon ek bietjie asem skep.

## Letterlik diep inasem.

Dis asof die lug skoner is by Christian Brothers Centre! **Luister en lag en kuier en stilword. Psalms skryf, vrae vra, Hom weer naby voel. My stories vertel en ander s'n hoor.** Dit was goed vir my.

Ek verstaan hoekom party vroue elke jaar gaan. Ek sal dit nie weer misloop nie.

*Yolandi*




to find honey
be brave
enough to
face bees

**Wat vra God van my?**
**’n Psalm van Zahn**

Waar is jy?
Vra my God wat die goeie Herder is.

Wat wil jy hê moet ek vir jou doen?
Vra my God wat immer barmhartig is.

Wil jy gesond word?
Vra my God wat die Groot Geneesheer is.

Hoekom huil jy?
Vra my God, die sagmoedige Trooster.

Het jy my lief?
Vra my God wat my lewe lank lankmoedig was en elke dag steeds is.

My God van vrede, nou vra ek U:
Maak stil die onstuimige woelinge in my hart.
God van misterie, help my om in U geheimenisse in te leef.

Wat soek ek?
Ek bly soek na U wat die Antwoord op al
my vrae is.
Bly by my deur al my vrae, my pogings
en probeer
my ophou en my weer begin.

Verander my hoor, na gehoorsaam
my kyk, na uitkyk, opkyk
my sig na insig, maar ook uitsig
my sien, na insien, maar ook uit-sien

*Zahn*



## Frieda se verwerking van Carol se Psalm

Kind van die Namib
Meer as jou man se rib
Die Khoisan nog in jou hare
In die lied wat jy saam met die voëls sing
Op jou kitaar sonder snare
“Ek lê my wapens neer
Dis net ‘n poep teen die donderweer.”

Moeg geswoeg, gesweet, gewroeg
Kyk na my, jou dogter
Kyk hoe hang ek net-net aan jou kleed
Kyk hoe maak ek planne slaggereed
SARS is op my case, hulle kan maar soek
“die wat kak soek, soek selde tevergeefs”
(ek vee met SARS die vloer)

Kind van die Namib
Jy – tussen duine, in Mosambiek, op plase, die Camino,
Tussen wingerde – al die jy’s wie jy is – ek sien jou.

Sing jou CAROLS uit
Sing die see oop
Sing die virus weg.

Sing, Sing sonder antwoord
Sing, Sing dat die weduwee se kruik steeds oorloop!
Sing, Sing – die wat My soek, soek selde tevergeefs.
Sing, Sing tot jy lag oor die dag van môre,
Sing tot jy weet jou Pa sal vir jou sôre

Kind van die Namib
Blou-oog baba in die krip

Doe-doe , slaap maar …. my kleintjie-gelowige
In jou moederskoot het ek jou geweef
Ek staan pa vir jou, jy kan leef
Sing jou lied van vreugde
Os sal kringdans om jou
Sing! Sing! Nie net op Kersdag nie….

Kersdag… oor 'n week is dit weer nuwejaar…
Al tien nuwe jare wat ek oud voel, bang voel,
Klein voel… kyk hoe rooi is die see…

Sing jou CAROLS uit
Sing die see oop
Sing die virus weg.
Sing, Sing sonder antwoord
Sing, Sing dat die weduwee se kruik steeds oorloop!
Sing, Sing – die wat My soek, soek selde tevergeefs.
Sing, Sing tot jy lag oor die dag van môre,
Sing tot jy weet jou Pa sal vir jou sôre

Kind van die Namib
Blou-oog baba in die krip

Doe-doe , slaap maar …. my kleintjie-gelowige
In jou moederskoot het ek jou geweef
Ek staan pa vir jou, jy kan leef
Sing jou lied van vreugde
Os sal kringdans om jou
Sing! Sing! Nie net op Kersdag nie….



Vader
Here,
Met deernis bid ek tot U
Glo ek in U
U weë is my Wandel
Met verwondering wag ek om te verwood en verstaan wat die kleure is wat in my binneste meng.

U Is my Anker, U woord my Bron van Krag.
Teen U Heerlikheid en Majesteit Klim ek die Geloofsberg uit.
Elke tree in die rigting van U Wil, dis my wil.
Lei my

Teen U Hemelruim-plafon span U sterredrome binne ons bereik
In Sonlig buig U reënboog-belofte n die Verbond wat verder as die blou van ewigheid strek.

U is binne bereik
Selfs daarvandaan is U bewus van my
hartklop en behoeftes.

Maak my stil om die voëlgeluide te
verstaan wat mekaar se roepklank
antwoord.

U skeppingstaal 'n kode wat ek
weerloos net ten dele verstaan.

Sit my neer in die deklaag van 'n denne
Op die plek waar my spore die Lig van U
Wil sal wees.
My Hande U Salwing Sal bring.

Draai die spieël in my binneste kamers
om opnuut U Lig te vang en U woord en
waarheid in my lewe en wese te
reflekteer.

Vanuit my klein tree spore kyk ek met
verwondering na U almag en jubel in U
Heerlikheid in Ewigheid.

*Karin*



**Skepper van my wese,**
**'n Psalm van Hilke**

Skepper van my wese, ek is omdat U is.
Ek smag na die gelate ontvouing van U
in my en ek in U,
Maar my knersende kakebeen slaan
anker in.
Sal die spiraal van toelaat, ooit 'n bietjie
meer tuis voel?
WAG!
Kom! Beweeg! Kap die knersende
sement in klein stof stukkies
Wat met die wind hul swerfplek vind,
En leer my om met dit wat oor is,
waarlik te leef!

*Hilke*




Birds sing because they have songs not answers

# ENNEA GRAM

**Hier volg 'n paar belewenisse van ons onlangse Enneagram-gangers:**

Attending the Enneagram just reminded me of the reality that **growth never ends, regardless of how much you might know.** The journey that we had in our team was just phenomenal – with everybody being touched in some way or another.

It was an incredibly deep and meaningful experience for me, lots of insight was gained, lots of growth was had. **It is amazing how many levels of understanding and growth can come from it.** It was a truly memorable time for me, and I will recommend it highly to anybody to attend.

*Beverly*


StartWell Heroes
Nico





My ervaring met die Enneagram was vir my veel meer as net om uit te vind watter “tipe” ek is. Dit het my gehelp om met groter eerlikheid te kyk na wat my dryf, hoe ek in verhoudings optree en ook na die patrone waarin ek soms vasval. **Die grootste geskenk was dalk ’n dieper begrip van myself én meer genade en begrip vir mense wat die wêreld anders as ek beleef.** Vir my het dit ’n waardevolle hulpmiddel geword op die pad van persoonlike én geestelike groei.

*Melanie*

Alhoewel hierdie tipe materiaal binne my lyn van werk val, het die Enneagram my totaal verras. Die hoek waaruit dit na gedrag en egopatrone kyk, is totaal vars en uniek. **Dis werklik twee naweke van diep delf soos nog nooit tevore nie**, en van die begin af kom ‘n mens agter dat jy hier te doen het met ‘n instrument van geestelike oorsprong.

Wilma en Renier is sulke ervare fasiliteerders dat hul elke individu die nodige ruimte gun om binne die groep hul vere te bekyk. Die patrone wat ‘n mens ontdek gaan, soos verwag kan word, gepaard met spesifieke verwonding en die nodige ondersteuning word dan verskaf.

Jy sal nie onveranderd daar uitstap nie, en maande later maak ek en my man nog steeds ontdekkings wat ons uit die veld slaan.

**Ons sal dit sterk aanbeveel vir enige iemand wat vashaak in patrone wat hul nie meer dien nie en honger is vir ’n ontvouende groeikurwe.**

*Inge*







# **SKAAP**TREK



# **SKAAP**TREK

Natuur. Eenvoud. Buite.
Mede-reisigers wat vriende geword het.
Nuwe respek vir boere.
Dankbaarheid. Liefde – ervaar en gegee.
Dankbaarheid.


*Jacques*


Die Skaaptrek was vir my ‘n baie positiewe ervaring. Wat ek sal wil uitlig, is dat die boer (Lambert) Ps. 23 prakties leef. Sy hele optrede het ek ervaar: Hy gee om vir sy diere, die skaaphonde word met sorg en respek hanteer. Hy boer binne ons Hemelse Vader se wil en openbaar liefde vir sy werknemers en vir ons.

*Betsie*









Daar, in die Bo-Hantam en Boesmanland,
tree vir tree,
het die wêreld stadiger geword.
Die plaaslewe.
Die eenvoud.
Die ooptes wat verder strek as wat die oog kan sien.
Die stilte wat nie leeg is nie,
maar vol lewe is.
Die stof onder jou voete,
die wind teen jou gesig,
die ritme van ’n dag wat nie gejaag word nie.
Daar het ek weer onthou
hoe dit voel om net te wees.
Om te kyk.
Om te luister
Om deel te wees.
Want om 100% teenwoordig te wees,
is nie altyd vir ons maklik
binne die alledaagse gejaag nie.
Skaaptrek 2026 was ’n voorreg —
’n wêreld ver van die gewone,
’n geleentheid om iets heeltemal anders te beleef.

’n Ware "once-in-a-lifetime belewenis",
en juis daarom so besonders.

Wium is ’n fantastiese, natuurlike fasiliteerder wat ’n besondere ruimte skep.

Ek is innig dankbaar dat hy hierdie ervaring oopgemaak het en deel, dis eg!

**Ek dra hierdie ervaring, my mede-reisigers en die skapies altyd in my hart.**

*Sharleen*



## Uit Willem se pen

Vir my bly ‘n reis Sutherland toe, en spesifiek na die Louwhuis toe, ’n pelgrimstog. So was dit weer op Donderdag, 11 Junie 2026. Ek kon, tesame met ‘n groepie bevoorregte mede-pelgrims, vir ‘n oomblik op dié heilige grond verwyl. As dit nie so koud was nie, dalk kaalvoet.

Dié plek dra swaar aan die gedagtenis van N.P. van Wyk Louw, die dorp se grootste seun. Net in die gang af, in sy ouers se slaapkamer, is hy op Maandag, 11 Junie 1906, presies 120 jaar vantevore, gebore. Sy nagedagtenis bly behoue hier in Sandsteen.

Riku Lätti het ons herinner dat, volgens ’n antieke Egiptiese legende, ’n mens twee maal sterf – die eerste maal is wanneer jy jou laaste asem uitblaas en jou hart ophou klop, soos met Prof Louw gebeur het op 18 Junie 1970. Die tweede maal is die laaste keer wanneer iemand jou naam noem, ’n herinnering oor jou deel of jou storie vertel. Hemingway verwoord dieselfde gedagte so: “Every man has two deaths, when he is buried in the ground and the last time someone says his name.”

Donderdagaand is N.P. van Wyk Louw se naam dikwels genoem, herinneringe oor hom is vrylik gedeel en sy storie is opnuut vertel onder meer in die vorm van audio-visuele kuns. Ons het sy geboortedag behoorlik gevier, Riku se behendige hande het ons op die kitaar begelei om vir hom te sing: "...mag die Here jou seën en nog baie jare spaar."

Miskien het ek my dit verbeel of dalk was dit net die wind, maar iewers deur die loop van die aand was daar 'n fluistering wat opgeklink het deur die ou huis: "Toe moes ek nuwe woorde vind ... neem dié vir jou; maar ek wat gaan waar hoër, kouer paaie lê, wil weinig troos en geen gebed en min, maar suiwer woorde hê."

Sy nagedagtenis bly ook behoue tussen ons, in Sutherland sowel as landswyd, wêreldwyd en oral waar Afrikaans gepraat word, in sy onsterflike woorde wat steeds relevant is en ons vergesel op die pad.




# ***Stil*** Saterdag


"In the inner stillness where meditation leads, the Spirit secretly anoints the soul and heals our deepest wounds."
— St. John of the Cross

Hierdie wintermaande het ons met **Jehovah Rophe,** die God wath, gewandel. In Junie het ons 'n Visio-Divina (sacred seeing) by die Oude Leeskamer gedoen met die uitstalling: "Deaccessioned" (to officially and permanently remove an item).

*"The origins of this exhibition lie in what we have come to call the decay archive. This is a shift in how decay is understood. Rather than signalling loss or disappearance, decay is approached as an active and generative process through which materials continue to change and transform, producing new meanings over time."*








WE ARE WHAT WE ARE
David Marks
We are what we are and that's all we can be
With you by my side, everybody can see
In a world without vision, nobody is free
until we are what we are, you and me.

Ons het weereens ervaar hoe Hy deur kuns ons harte oopbreek en laat sien, sodat die Gees deur die sigbare, die onsigbare op 'n tasbare wyse teenwoordig maak en heling bring. Die asem van God maak ons telkens weer wakker vir die moontlikheid van heelwording, 'n heilige krag wat in die dieptes van ons wese werk, wat die gebroke plekke met geduld aanraak en nuwe lewe laat ontkiem waar ons net dorheid verwag het.


Deur die uitstalling het ons weereens besef dat ons, deur genade, nie langer ons waarde hoef te bewys nie, of onsself hoef uit te put in ons strewe om genoeg te wees nie. **Ons mag eenvoudig kom soos ons is, geliefd en genoeg.**

*"My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."*
*2 Korintiërs 12:9*

"Through grace we are helped not to stumble and through grace we know that we are being welcomed. What more can we ask? .....

**We do not come to grace; grace comes to us**. We cannot force, buy, or directly achieve it through our own willpower alone."

*The Road Less Travelled, M. Scott Peck*



Soos die seisoen begin draai, het ons die eerste Saterdag in Augustus in Eden Bos gaan stil word met ons eie vrae oor heelwording en genade.



For me, the significance has been not being part of a church, and not necessarily being connected to one specific church.

Eden means God's delight, God's presence, beauty and delight. God's presence is beauty; God's presence is delight. God keeps surprising me with a period of great abundance and a deep sense of the fullness of the earth.

One of my favourite things about this time in Eden forest has been the meditation: **"We do not come to grace; grace comes to us."** It has truly been a period of great beauty, great grace and great rest.

Being part of The Artist's Way and Silent Saturday, there is something very specific about these rhythms and these communal spaces. In some ways, they seem to be woven into each other, and grace has come through both spaces.



**What has struck me most is how God has been weaving these stories together for me.**

*Wendy*



**Stil Saterdag is ’n heerlike verkwikking** – ’n drie-uur lange geleentheid waar ’n klein groep mense saamkom met die doel om stil te word, te ontspan en weer bewus te raak van die teenwoordigheid van die Here.

Ons begin met ’n kort inleiding saam, waarna elkeen die ruimte kry om op sy of haar eie in die natuur te gaan stap of te sit. Die verskillende plekke wat vooraf uitgesoek is, bied ’n veilige en rustige omgewing waar jy net kan asemhaal, stil raak en jou hart oopmaak om te mediteer en te luister.

**Daar is geen druk of verwagting nie** – net die uitnodiging om teenwoordig te wees, om te anker in God se teenwoordigheid en **Hom toe te laat om jou te ontmoet presies waar jy is.**

Aan die einde van die tyd kom ons weer as groep bymekaar om, indien jy so gelei voel, jou ervaringe te deel en saam dankbaar te reflekteer oor wat elkeen beleef het.

**Baie dankie, Anna-Lize, vir die veilige ruimte, die openhartigheid en die geleentheid wat jy skep sodat ons hierdie spesiale tye saam met ander kan beleef wat ook die oomblik wil aangryp en die Here se stem wil hoor in stilte.**

*Heila*



If you're anything like me, being told that you're going to spend four hours, from 9:00 to 13:00, in silence can feel rather daunting. But as you arrive, **you meet the others—almost like a blind date, but with a group of like-minded individuals**—and you're handed a piece of paper with five questions. So now I have to answer questions about myself too?

**Yet the prompts are poetic and contemplative, serving as gentle springboards into stillness and inviting you to quieten your mind**. You're given the freedom to walk, to talk with God, and to simply take in the beauty of what surrounds you. Afterwards, the group comes together to share what they felt, experienced, or noticed, often discovering common themes and gaining a sense of community, support and understanding.

**We so often take for granted how deeply soothing it can be to simply become quiet** — to step away from the noise and busyness of everyday life and create space to reflect, listen, and connect with others.

*Sam*



IN STILTE

"**Be patient toward all that is unresolved in your heart** and try to love the questions themselves, like locked rooms and like books that are now written in a very foreign tongue.

Do not now seek the answers, which cannot be given you because you would not be able to live them. And the point is, to live everything.

Live the questions now. Perhaps you will then gradually, without noticing it, live along some distant day into the answer."

*— Rainer Maria Rilke, Letters to a Young Poet*

**IN** *STILTE*

# ***Stil*** Spasie


**InStilte by Heilsaam op Dinsdagaande saam met Winnie het vir ons ‘n lewenslyn geword. Dis ‘n heilige en veilige ruimte om tot rus te kom en stil te word. ‘n Mens besef die onskatbare waarde daarvan na elke bymekaarkom saam met ander wat ook op pad is op 'n innerlike reis na heling.**

*Willie en Nicola*



Dinsdagaand se stilgebed was besonders. Ons was heelwat mense en Winnie het die groter groep met net soveel grasie begelei as wat sy altyd die kleiner groepe hanteer. Sy het so klein bietjie meer inligting gegee oor stilgebed, **maar die saam stil-wees was weereens sentraal.** Dít wat van die mense aan die einde gedeel het oor wat hul ervaar het, was diep en mooi. Nie almal het gedeel nie en daar was ook geen druk om te deel nie. Selfs al was daar mense wat die eerste keer bygewoon het Dinsdagaand, het Winnie maklik almal kon help verstaan waaroor dit gaan.

*Michelle Lize*



**Die voortdurende gevoel wat ek beleef by hierdie InSig-reeks oor kontemplasie is een van "Wow, uiteindelik kan ons eenvoudig en direk tot die punt praat!**

**Ja! Ja! Ja!"**


Dit was terselfdertyd 'n gevoel van om na 'n nuwe plek geneem te word as wat dit 'n gevoel is van onthou, van tuiskoms, van "her"-ken van "iets", van "dit", van "is" wat nog altyd daar is. Dit is iets wat heeltemal bekend is en terselfdertyd heeltemal ongekend. Van 'n hart wat verruim sonder middelpunt óf omtrek in grenslose vryheid en ontplof in borrelende vreugde.

Ek vind dat ek heeltyd te veel woorde wil gebruik, want hierdie is die enigste onderwerp in die lewe waaroor ek éinlik wil praat en tog is daar niks van te sê nie, veral nie iets nuuts nie. En elke woord beskryf "iets" daarvan, maar op die ou end is die enigste respons maar net stilte.

*Beholding*.
Ek is.
Nee, dis te veel gesê.

**"Is".**

Stanley




Die maandelikse Insig-werkswinkels gee ons iets wat in ons besige lewens maklik verlore raak: ’n ruimte om stil te word en na binne te kyk.

Ons leer om nie ons gedagtes en emosies te wees nie, maar om dit met deernis raak te sien – om bewus te word van wat in ons aangaan en om al hoe meer vanuit ons hart, ons diepste “is”, te leef.

Elke maand se eenvoudige oefening gee ons iets om mee saam te stap. Nie ’n tegniek nie, maar ’n praktyk – om te stop, asem te haal, te luister en teenwoordig te wees. Om verder te gaan as om net iets te weet, na ’n plek waar ons dit bewus begin leef.

**Dit is vir my die besondere waarde van Insig: die ruimte om myself beter te leer ken, myself met deernis te ontmoet en aan te hou om die pad na die hart te stap.**



Soos Richard Rohr dit stel:

**"You cannot think yourself into a new way of living; you must live your way into a new way of thinking."**

**InSig skep juis daardie ruimte om dit te beoefen.**

*Karien*

**InSig is kosbaar vir my omdat dit geleentheid is om by 'n guru se voete te sit rondom 'n onderwerp soos die pad tussen ons hart en kop, en saam met mede-reisigers te groei.**

Die tema, pad na jou hart, was vir my 'n goeie herinnering en grounding van Mosaïek en Invia se "groot storie" waar ons vandaan kom en waarheen ons op pad is, met praktiese takeaways wat ek deur die week in my stilwees en werkwees kan toepas.

*Francois*



# KUNS-WERK

Mihály Csíkszentmihályi—alombekend vir sy leidende denke oor *flow*, sê in sy boek *Creativity* dat mense om twee primêre redes skep: 1. dis lekker, en 2. dis menslik.

**Ek dink ’n groot deel van wat dit beteken om na God se beeld en gelykenis geskape te wees, is om self skeppend te wees. Die appel val nie ver van die boom nie.**

*Kunstiz* is ’n Proto-Germaanse woord wat vaardigheid of kennis beteken. Dit dui ook op kundigheid—vanwaar die woord *kuns*. Die Bybel is propvol kuns.

Hier is ’n paar interessante voorbeelde:

By die ontwerp van die tabernakel word Besaleël en Oholiab met God se Gees vervul vir ontwerp, metaalwerk, houtsnywerk, edelstene en tekstielwerk (Eks. 31 en 35).

Fyn tekstielwerk was besonder belangrik in die tabernakel en die priestergewade (Eks. 25–28), en Dawid speel die lier dat die bose geeste vlug (1 Sam. 16:14–23).

Dieselfde Dawid trek ’n span meestermusikante saam vir die toekomstige tempeldiens (1 Kron. 25). Dan, natuurlik, die 150 psalms.

**Ek het eers onlangs uitgevind psalmos beteken nie bloot net ’n liedjie nie. Dit kom van psallein—“om ’n snaar te pluk / ’n instrument te bespeel”.**

Dus, nie net ’n gedig nie, maar poësie wat bedoel is om gesing te word. Selfs in die vroeë kerk vind ons Paulus wat jong gemeentes entoesiasties aanmoedig om bymekaar te kom, liedjies te bring en saam psalms, lofgesange en geestelike liedere te sing.

**Dit het dikwels in gewone huise plaasgevind** (1 Kor. 14:26; Ef. 5:19).

**Hoekom**?

**Want dis lekker.**
**En menslik.**
**En ’n manier waarop gelowiges mekaar leer ken het en die skrifte kon onthou.**

Kuns en kreatiwiteit loop hand aan hand.

Om iets te kan skep *ex nihilo*, help ons om die onsienlike sigbaar (en hoorbaar) te maak en gee ons ’n *vastrapplek* in die ewige. Ek wil nie woorde in sy mond plaas nie—hemele behoed my daarvan—maar ek dink *Wendell Berry* sou daardie vastrapplek dalk *patience* noem.

Só skryf hy dit in “How to Be a Poet”:

(to remind myself)

i

Make a place to sit down.
Sit down. Be quiet.
You must depend upon
affection, reading, knowledge,
skill—more of each
than you have—inspiration,
work, growing older, patience,
for patience joins time
to eternity. Any readers
who like your poems,
doubt their judgment.

ii

Breathe with unconditional breath
the unconditioned air.
Shun electric wire.
Communicate slowly. Live
a three-dimensioned life;
stay away from screens.
Stay away from anything
that obscures the place it is in.
There are no unsacred places;
there are only sacred places
and desecrated places.

iii

Accept what comes from silence.
Make the best you can of it.
Of the little words that come
out of the silence, like prayers
prayed back to the one who prays,
make a poem that does not disturb
the silence from which it came.

## Ons het onlangs besluit om Invia Musiek te herdoop tot Invia Kunste.

Behalwe dat dit cool klink, is dit ook ’n uitnodiging tot stilte en ’n stiller lewe – dalk selfs ’n kunstige lewe. Kuns help ons om anders te luister en te sien. Om anders te wees en te werk. Wanneer dit gebeur, word selfs werk, kuns. En die lewe ’n kunswerk.

Presies hoe dit uitdrukking gaan vind, weet ons self nog nie. Ons dink wel ’n vastrapplek in die ewige en stilte het iets daarmee uit te waai.

Lukie


**NS: Indien jy wil deel raak van die musiek of kunste of dalk kreatiewe idees het oor kuns in Invia, laat my of Grethe gerus weet.**

**lukiedebeer@gmail.com**
**inviamusiek@gmail.com**

# IN *VINO*

Wat ons van ons wynproe saam met Lukas van Loggerenberg van Van Loggerenberg Wines sal onthou, is nie net die besondere wyne nie, maar veral die eerlikheid van die mens agter die wyn.








Lukas se eerlikheid kom deur in hoe hy leef, vertel en wyn maak – met min inmenging, sodat die wyn so eerlik moontlik kan vertel waar dit vandaan kom. Sy stories, humor en openhartigheid het vir ons Invino-groep ’n besondere ruimte vir gesprek en interaksie geskep.

Miskien is dit juis wat ons so by hom geraak het: wanneer eerlikheid ’n waarde is wat diep in iemand se menswees lê, word dit uiteindelik sigbaar in alles wat hy doen – selfs in die glas.

Dankie, Lukas, vir ’n besonderse aand van wyn, stories en menswees.










**IN** *VINO*


'25
Breton
VAN LOGGERENBERG WINES
Made by Lukas van Loggerenberg
'25
Lötter
PLANTED
1932
Made by Lukas van Loggerenberg







# BERG *Skool*

## *Agter die golwe (wat dein soos berge)*

Aan die begin van die jaar ná die eerste Bergskoolbyeenkoms wonder ek of dit enigsins iets vir hulle sal beteken. (Dit gaan elke jaar min of meer so). Dieper in myself is ek oortuig dat dit sal, want ek was darem al hier, maar op die oog af wonder ek: Hoe lyk dit nou weer? Dis soos om vir die eerste keer saam met iemand tot agter die golwe te swem. Elke keer begin eers weer op die strand. Ons kan kyk vir die golwe, maar eers kyk ons vir lank net na die seemeeu wat iemand se chips steel. Ons wil nog nie nou te veel aan die golwe dink nie, al is dit ook hoekom ons hier is. Om te swem.



Tot ons tweede laaste sessie voor die kamp nou die dag. Mark en Debbie het kom aanbied en hulle is gesoute kenners in die sin dat hulle nie eens meer lyk asof hulle probeer nie. Hulle daag net op, vra nie eens sulke diep vrae nie, eerder opregte vrae en stel opreg belang in die antwoorde wat kom. Toe ek weer sien is dit iemand wat gewoonlik net wil grappies maak wat met oortuiging en wysheid iets oor hulleself deel. Of iemand wat gewoonlik net hulle skouers optrek en sê: “Ek weet nie,” sê skielik: “ek weet ook wat jy bedoel…”

Dis die voorreg wat ons het. Daar is deesdae so clip op sosiale media van ’n bekende akteur wat praat oor sy ervaring van geestelike begeleiding by die bekende Jesuïet, James Martin. Die priester sê vir hom: Die eerste brokkie goeie nuus is dat daar ’n Messias is. Die tweede brokkie goeie nuus:

Dis nie jy nie.

Ons hoef nie alles op te los nie.
Ons hoef nie presies te weet
wat volgende gaan gebeur of
wat en wie elke jongmens gaan
word nie.



**Ons kan wel daar wees vir hulle. Ons kan wel vertrou dat hulle ons ook kan vertrou. Dat hulle kans sien om te gaan kyk wat is agter die golwe. Dis by daai nuwe horisonne wat jongmense die ou wyshede op nuwe maniere ontdek en vir ons ook wys.**

Al begin dit ook op die strand, met die seemeeu en die chips. Ek sien uit na vanjaar se kamp wat nou al sommer om die draai is. Ek gaan chips ook saamvat.

*Deon*

# INVIA *Kids & Youngteens*

Ná die Julie-vakansie het ons ’n nuwe reeks begin: **God het my gemaak om te voel.** Ons het saam met die kinders begin ontdek wat in ons binneste gebeur wanneer ons kwaad, hartseer, bang of dankbaar voel — en dat daar nie “goeie” emosies is wat ons moet hou en “slegte” emosies waarvan ons ontslae moet raak nie. Al ons emosies het iets om vir ons te vertel.





**Een van die beelde wat ons gebruik het, was dié van ons binneweer. En met die vreemde mengsel van warm dae, koue, reën en wind wat die laaste ruk oor ons pad gekom het, was dit nogal 'n maklike een om te verstaan!**

Net soos die weer buite verander, verander dit wat ons binne voel ook. Soms is dit rustig, soms stormagtig en soms verander alles sommer vinniger as wat ons verwag.





**Deur stories, speletjies, gesprekke, stilte en kreatiewe aktiwiteite oefen ons om raak te sien wat binne-in ons gebeur, om woorde te gee aan wat ons voel en om nuuskierig daaroor te wees — met die wete dat God ook daar, in alles wat ons voel, by ons is.**

En soos die eerste tekens van lente nou rondom ons begin wys, sien ons uit na ’n nuwe seisoen van saam speel, wonder en ontdek.


*Melissa*




# IN*Aksie*

Ek vra myself af: Hoe lyk ’n kontemplatiewe aanslag tot aksie te midde van al die nood? As aksie uit stilte en oorgawe moet kom, is dit moeilik. My normale *modus operandi* is mos om probleme so vinnig moontlik uit die weg te ruim.

**InVia se DNS is egter om alles binne verhouding te doen**. Aksie is nie bloot vinnig in- en uitgaan nie; dit beteken verhoudings bou, saamsit, stories deel en saamluister. Dit verg tyd wat effens moet stilstaan sodat ons fyn kan luister en sien waar God reeds besig is, en kan vra: *Hoe bring ek my hart in pas met Syne?*



Met die uitnodiging in **Jesaja 43:19** (*"Kyk, Ek gaan iets nuuts maak..."*) het ons by **Womanhood** vir ons gemeenskap begin bid. Ons het eers stilgeraak en al ons planne neergelê om te sien waar God reeds werk. Ons sien dit in die uitgelate lag van kinders wat speel in die parkie, ouers wat saans in die middel van die pad saamsit en die jonges dophou, pakkies wat gedra word, kos uit tannie Lou se kombuis, die saamlees met kinders by die opslaan leeskamer en die saamdans in die strate op TikTok-danse.



## Maar waar huil God?
## Waar is Sy hart seer vir
## die swaar van menswees?

Terwyl ons luister, deel drie vroue onafhanklike stories van bekommernis. Aan die einde besef ons dit handel alles oor dieselfde jong man. Hy het homself in die tronk gevind en is opgelei, maar moet nou met 'n alkoholis-ma huishou. Met sy kop op Sis Tiena se bors sê hy: **"Ek kan nie meer nie."**

Daardie oggend het ons gebid – dankbaar vir die lentebotsels van die Here se teenwoordigheid en werk, maar ons het ook gepleit vir riviere in hierdie woestyn, veral vir hierdie jong man vir wie ons harte nou klop.

*Hilke*





**Womanhood: Ontdek God se droom vir jou – Louresa Heuer**

## ‘n Viering van vroue, stories en die gawes wat ons aan mekaar kan gee.

Wat ‘n besonderse oggend saam met Louresa Heuer en haar musikale kinders, Ruderick en Anouk. Deur musiek, stories en kuns het hulle die vroue van Womanhood en Invia op ‘n hartsreis geneem.


Daar was ruimte om stil te word, te luister na dit wat binne ons leef en iets van God se droom vir ons lewe kreatief uit te beeld.










Ps 23
storms en hoe om jou lewens
boot daardeur te navigeer


HEUER PIANOS





**Ons maak kaartjies met seënbede vir twee vroue in ons gemeenskap. Ounin (Invia) wat 'n beroerte gehad het en Thereza (Smartie Town) wie se man sterwend aan kanker was.**

For the ladies of Womanhood, I wish to thank you for your lovely messages. Thanks for your kindness, thoughtfulness and love, I truly appreciate it, and it has helped to lift my spirit which is sometimes very low.

*Ounin*

Liewe familie, baie baie dankie, julle het my hart gebless. Ek waardeer werklik al julle boodskappe, dit het my hart gegryp.

*Thereza*



Ons bederf die pa's in ons gesinne:








’n Lente-hoogtepunt: ‘n Oggend saam met Werner Swart, wat op 33 deur ‘n dak geval en op sy kop beland het. Die rol van ‘n ma wat haar kind weer moes leer praat en loop, en vandag die wonderwerk van ‘n talentvolle mens.

Ons het dit almal so geniet – ons was almal deel van elke liedjie en word deur Werner se storie geïnspireer.







# VINEYARD *HUISE*

Ons jaarlikse ysskaatsuitstappie saam met die kinders by Vineyard Huise is altyd ‘n hoogtepunt vir almal!

**Dankie vir almal wat dit moontlik gemaak het – van kinders rondry, saamskaats en finansieel bydrae.**

Dit was heerlik om so baie kinders uit ons InVia-gemeenskap ook saam te kon hê vir die dag – so bou ons speel-speel vriendskapsbrûe.








OVERDRIVE
Ridge Racer
WINTER
GAMES


COLOUR

**Ons loer in by Shakira Malan wat haar eerste semester by Isa Carstens Akademie voltooi het:**

My reis by Isa Carstens was tot dusver ’n wonderlike ervaring wat my selfvertroue baie laat groei het. Hoewel ek aan die begin senuweeagtig was oor my prestasie en bang was om my ondersteuners teleur te stel, het ek vinnig my voete gevind. Die vinnige tempo van die praktiese klasse was ’n uitdaging, maar die ondersteuning van vriende en dosente het ’n reuse verskil gemaak.

**Ten spyte van aanvanklike onsekerheid, het ek my hart gevolg en besluit om volgende jaar die diploma in Somatologie te voltooi. Die vooruitsig op wat voorlê, maak my baie opgewonde.**

**Ek is opreg dankbaar vir almal wat my finansieel met my benodighede en uitgawes help, asook vir my dosent se motiverende terugvoer.**

Die reis het vir my drie lojale praktiese kliënte besorg wat my baie aanmoedig. Ek voel nou heeltemal gemaklik om mense te help ontspan en weet dat ek die regte beroep gekies het.

*Shakira*



Ons vier verjaarsdae by Vineyard Huise:











Happy Birthd



**Indien jy graag op enige manier by InVia Aksie wil betrokke raak, kontak gerus vir Hilke by inviagemeente@gmail.com**

# WAT LÊ *voor*

**Oktober:**

18: InSig met Russel Pollit
23-25: Bergskool-kamp
29: Onderskeidingstydperk

**November:**

29: Kersfest

**Desember:**
4-6 Vineyard Huise-wegbreek

# ONDERSTEUN *ons reis*

*Baie dankie vir jou ondersteuning,
dit maak ons reis as gemeenskap
by InVia moontlik!*

**Snapscan is beskibaar vir
finansiële bydraes:**

BANKBESONDERHEDE:
Bank: ABSA Tjekrekening
No: 9277 510 340

www.inviagemeente.com
inviagemeente@gmail.com
inviakaapstad@gmail.com

LEES MEER

invia stellenbosch

InVia Kaapstad

invia gemeente

inviastellenbosch

inviakaapstad

invia gemeente